A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-08-03

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 429

(Bladsye 25 113 tot 25 155 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

MNR FICK: Voordat mnr Jacobs by SEISOVILLE begin op bladsy 714 wil ek net twee vrae wat die hof aan my gestel het behandel. Eerstens wil ek vra dat die kruisverwysing na beskuldigde 16 se getuienis oor die vergadering op 19 Augustus in Sharpeville, dit is bladsye 440 tot 444 onder-aan gemaak word onder-aan bladsy 290. Dit is waar die vergadering behandel word in Sharpeville.

HOF: Net 'n oomblik. Onder-aan 290?

MNR FICK: Dit is korrek, die kruisverwysing na bladsy 440. Dan die tweede aspek wat die hof my oor gevra oor bladsy 509, die verwysing na Peter Mokaba wat lid van die ANC sou wees, die hof is korrek; ek sien daar is later erken deur die verdediging, wat die staat ook erken het en ek vra dat die hof bladsy 509 as volg wysig.

HOF: Net so 'n oomblikkie.

MNR FICK: Dit is paragraaf 3.2 (iii) "En hy is lid van die ANC gewees", daardie "is 'n lid van die ANC" doodkrap en dan net daar invoeg: "En hy was skuldigbevind aan die onwettige besit van 'n Makaroff-pistool en 21 rondes". Dit is die gewysigde erkenning.

HOF: En waar vind ek dit?

MNR FICK: BEWYSSTUK AAS.12, skedule 3, paragraaf 4.

MNR JACOBS: Die moeilikheid in Seisoville het losgebars op 11 Februarie 1985 en ons begin op bladsy 714 by die eerste paragraaf. Dit gee kortliks die weergawe van die polisie se kant af dat daar was oproerigheid by die skool en die hoof van die skool het die polisie ontbied en daar het hulle opgemerk dat die leerlinge van die Bodibeng hoërskool is oproerig, hulle het 'n optog gevorm, hulle was oproerig

in / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in die straat, hulle het lawaai en hulle het marsjeer na die Kananelo hoërskool waar die leerlinge van daardie betrokke skool aangesluit het by die leerlinge van Bodibengskool en daarvandaan het hulle uitgewyk na die winkelsentrum en waar daar toe geweldpleging uitgebreek het en ek behandel dit op bladsy 715, paragraaf 3. Daar was klipgooiery en die winkels was geplunder gewees, daar is winkels wat aan die brand gesteek is. Dieselfde dag ook is die Mphoadi onderwyskollege deur swart oproeriges aangeval met klippe en die polisie het hulle verdryf en hulle moes die personeel by die betrokke onderwyskollege ontset. Daar was ook aanvalle met klippe deur oproeriges op die Suid-Afrikaanse polisie, die huise van raadslede en polisiebeamptes; motorvoertuie is aangeval en omgekeer en aan die brand gesteek in die strate. Die swart burgemeester van Seisoville se huis is aangeval, sy motor is uitgebrand en 'n kombi voor sy huis is omgekeer. Daar was ook vier trekkers van die gemeenskapsraad wat uitgebrand was in die strate en oral in die woonbuurt is daar padversperrings aangebring gewees. Nou dit is dan ook gemeld gewees dat van die oproeriges was in UDF T-hemde en heelwat die oproeriges was ook geklee in skooluniforms. Nou in die gebeure van hierdie betrokke dag is daar twee van die geweldenaars wat noodlottig verwond was en wie se begrafnisse ook hier ter sprake sal wees lateraan. Dan in die algemeen is die raadslede geïntimideer deur hierdie geweldpleging teenoor hulle en gevolglik het vier van die raadslede in hierdie gebied bedank, dit is paragraaf 11 op bladsy 716. Nou dit het aan die lig gekom dat die skole het alreeds in 1984 'n aanvang geneem, die geweldpleging daar. Nou op bladsy 717 behandel ons die geval dat die polisie

word / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

word weer geblameer vir die uitbreek van die onluste daar in Seisoville. Nou dit is ons respekvolle submissie dat dit is nie die waarheid nie, dit is leuens. Ons sê dat hierdie verweer is belaglik en vals en dan gaa ons ook verskillende redes hoekom dit is, hoekom ons sê dat dit nie 'n korrekte en ware beeld aan die hof skets nie en bewys daarvoor haal ons uit die geledere van die getuies wat vir die verdediging getuig het. Op bladsy 718 begin ons by paragraaf 3 om die getuies te behandel. Nou die eerste getuie is M M Sebesoane. Sy het getuig dat hulle het na die Kananeloskool gegaan om bystand te kry van die betrokke skool om saam met hulle terug te gaan na die Bodibengskool om te agiteer vir studenterade. Dit is ook opmerklik en belangrik, ek het dit nie vroeër genoem nie maar dit word daar behandel dat die aanvang van hierdie moeilikhede word dan ook gekoppel meer aan die knelpunt van studenterade. Nou haar getuienis was dat die polisie het hulle aangeval daar by die skool, die Kakaneloskool waar hulle gestaan het sonder enige rede. Die tweede getuie is S T Moloi, paragraaf 3.(ii), die polisie val aan - dit is Moloi se getuienis dat hulle by die skool gekom het en dan het die polisie hulle aangeval voor die ander nog kon aansluit, dit is die persone van Kananeloskool. So daar kom reeds 'n botsing uit dat die ander skoliere het nog nie eens aangesluit toe hulle aangeval was. J M Pule ook 'n getuie van die verdediging sê die Kananeloskoliere het hulle aangesluit en hulle het al gemarsjeer daarvan af toe die polisie kom en voor hulle gaan stop en sommer op hulle skiet. Hy sê hulle het verder aan beweeg in die lokasie en nie terug soos die eerste getuie gesê het, dat die doel was, het die eerste getuie gesê om terug te

gaan / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gaan na die Bodibengskool nie, maar hy sê dat die doel was om deur die hele woongebied te gaan marsjeer om hulle ontevredenheid omdat hulle nie studenterade kan kry nie, tentoon te stel. Nou die volgende getuie word behandel op bladsy 720, S D Leholo. Volgens hom het daar by die Kananeloskool die twee skole se groepe het volledig aangesluit en vertrek toe kom die polisie daar aan en skiet en hulle was op pad terug, nou is dit nie meer om in die woongebied in te gaan nie maar nou gaan hulle terug na die Bodibengskool toe nie om, soos die eerste getuies gesê het om die prinsipaal of onderwysers te gaan sê hulle wil studenterade hê nie maar nou gaan hulle terug na hierdie skool om die skoolkomitee daar te ontmoet. Nou het die polisie sommer van agter af gekom en hulle van agter af geskiet. Dit was hierdie getuie se getuienis. Daar is ook botsings in die kruisondervraging wat ek nie nou uitlees nie maar dit is behandel in die hoofgetuienis van al hierdie getuies. Dan is daar 'n getuie J M Makoatsane. Volgens hom daar by die aansluitingspunt by die Kananeloskool het die Kananeloleerlinge reeds volledig aangesluit by die optog. Hulle het toe omgedraai in hul spore om terug te beweeg. Hierdie getuie het vir ons 'n besondere eienaardige ding kom vertel hier. Hy het aanvanklik vir die hof in hoofgetuienis gesê dit is wat hy waargeneem het. Toe het dit geblyk lateraan dat hy kon nie die hek sien waar dit gebeur het nie. Toe het hy uitgekom daarmee dat twee polisievoertuie, een aan die voorkant van die optog en een aan die agterkant van die optog het daar opgedaag. Hy kon nie sien waar geskiet is nie want die skool belemmer sy uitsig. Nou die vraag ontstaan nou watter van hierdie weergawes is nou die korrekte. Ons het die polisie

se / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

se weergawe dat hulle het die mense net gevolg en het nie op hulle geskiet nie. Nou het ons hier verskillende weergawes. Watter van hierdie opgawes moet nou opgeweeg word teen die polisie s'n - die weergawe dat die mense nog net gestaan het toe die polisie aangekom en geskiet het; die weergawe dat hulle aangeloop het vorentoe toe die polisie hulle gaan voorkeer het of die waargawe toe hulle teruggeloop het dat hulle van agteraf geskiet is of die weergawe van ꞌn man wat hierso - dit is ook vir ons ꞌn duidelike bewys van die getuie wat vir die hof kom sê hy sien die polisie kom daar en skiet die mense en dan agterna dan blyk dit hy het niks gesien nie. So met alle respek gesê hierdie getuienis wat aangebied is en ons sê dit met alle respek is valse getuienis wat hier aangebied is oor hierdie gebeure. Dit is ons respekvolle betoog dat wat daar gebeur het is soos die Suid-Afrikaanse polisie getuig het in hierdie hof. Die tweede aspek is waar ons getuig het in hierdie hof. Die tweede aspek is waar ons ook hierdie selfde kwessie van die blaam wat op die polisie geplaas word behandel is die begrafnisse en die eerste begrafnis is dié van die 6de, paragraaf 6 wat ons op bladsy 722 behandel. Nou hierdie begrafnis is georganiseer deur Dennis Bloem soos ons later sal sien ꞌn man wat grootskaals daar vir UDF georganiseer het en wat homself beskou as die teenwoordiger van UDF in Seisoville en wat ook noue skakeling gehad het met beskuldigde 20 en UDF soos ons dit ook later uitwys en op hierdie begrafnis volgens die getuienis was beskuldigde 20 daar teenwoordig en ook Patrick Lepunyo van UDF. In die eerste instansie wys ons in hierdie geval ook uit dat in die begin met die optog verwys ons daar na die begrafnisreëls, soos ek dit

graag / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

graag wil noem wat neergelê is deur die landdros verbreek is. Dan kom ons op bladsy 723 waar ons uitwys hoedat die polisie beskuldig word en dan die oorvloedige teenstrydige weergawes wat daar gekom het van die getuies wat die blaam op die polisie geplaas het. Nou beskuldigde 20 self het getuig dat die polisie was regdeur op die perseel van die kerkhof, het hulle stelling ingeneem binne in die begraafplaas en vandaar het hulle geskiet na ongeveer 20 mense wat by die graf gestaan het en wat besig was om die graf te vul. Die getuie D M Lathae op bladsy 724 van die hoofde sê die polisie het daar binnegekom terwyl hulle besig was om die graf te vul en sonder meer op hulle wat besig was om die graf te vul geskiet het. Dennis Bloem, die groot organiseerder van hierdie begrafnis en van UDF in Kroonstad hulle was nog besig sê hy om die massas toe te spreek - dit is nou net 20 wat oorgebly het om die graf te vul nie, hy was besig om hulle toe te spreek toe kom die polisie in by die hek met verskeie voertuie en hulle skiet sonder meer op hierdie mense. Dan die volgende getuie F E Magcuntsu getuig op bladsy 725 van die hoofde, daar was drie polisievoertuie op die perseel gewees. Toe die mense uitgaan toe skiet die polisie hulle. In kruisondervraging het hy gesê die polisie het na hulle geskiet nadat hulle uit die kerkhofperseel gekom het. Op bladsy 726, M Sebetoane, dié getuie het getuig dat die polisie het buite die hek van die kerkhof gestaan toe hulle traanrook vuur na die mense by die motors. Dan in kruisondervraging het sy heelwat verskillende weergawes gegee. Eers ht sy gesê dat daar geen voertuie op die perseel was nie. Dan sê sy daar was twee polisievoertuie binne die perseel; dan sê sy dit was nie net die voertuie wat by die

hek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hek gestaan en gevuur het nie, dit was baie voertuie wat daar rondbeweeg het en wat die skietwerk gedoen het. Nou dit is duidelik as daar ŉ eenvoudige dinge sou gebeur het en dat die polisie so onredelik gevuur het soos dit hier gesê word, dan sou mens verwag het dat hulle ten minste sou saamgestem het op watter stadium die polisie gevuur het. Die getuienis van die polisiebeampte was gewees dat die polisie het ŉ lae profiel gehandhaaf en het buitekant die kerkhof posisie ingeneem. Hulle het hulle twee keer geleentheid gegee om uiteen te gaan wat hulle nie gedoen het nie en toe het die polisie eers traanrook geskiet - hulle was nooit eens op die perseel gewees nie. Ons vra dat die hof in hierdie geval dit sal verwerp dat die polisie die oorsaak is van die geweldpleging en moeilikheid hierso en dat dit die uittarting en die verontagsaming van nie net alleen die begrafnisreëlings wat hulle so blatant verbreek het nie maar ook die gebeure by die kerkhof was veroorsaak deur die begrafnisgangers. Nou die tweede begrafnis, dit is 25 Januarie het ons die getuienis van die polisie dat die begrafnisgangers het na die begrafnis met die polisie slaagsgeraak toe hulle in die woonbuurt ingegaan het. Hulle ht geweier om uiteen te gaan en hulle het na die polisie gegooi met klippe en toe is traanrook gevuur en ons vra die hof om daardie weergawe te aanvaar. Dan die begrafnis van 27 Februarie 1985. Die getuienis wat daar aangebied is deur di staat is dat eerstens was daar op die perseel van die begraafplaas onder ŉ sekere aantal van die begrafnisgangers voëlrekkers uitgedeel en asblikdeksels en daarna het ŉ groep van ongeveer 300 inbeweeg in die woongebied in en toe die polisie hulle voorgekeer het en aan hulle gesê het hulle

moet / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

moet uiteengaan het hulle klippe optel en dit gegooi en die voëlrekkers gebruik en ook petrolbomme na die polisie gegooi. Nadat hulle daar uiteengejaag is het daar lateraan weer 'n groep gekom en vyf polisiemanne se wonings aangeval met klippe en petrolbomme. Nou dit is baie duidelik dat die getuienis wat hier aangebied is en voorgegee word dat dit die polisie is, het nie geslaag nie. Die verweer het nie geslaag nie en ons vra die hof om te bevind dat dit nie so is nie. In die gebied het georganiseer UDF, ons behandel dit op bladsy 728, paragraaf 7, UDF, COSAS, AZASO, MASO en MASCO - ek het so aanmekaar gekoppel met 'n strepie MASO/MASCO want ek dink die naam het later net verander van MASO na MASCO toe.

Nou eerstens wys ons daarop dat Dennis Bloem, en dit is eintlik seker gemene saak dat Dennis Bloem was die grootskaalse organiseerder vir UDF en om die mense te betrek in Kroonstad in die aktiwiteite van die UDF. So het getuie D M Lethae wat deur die verdediging geroep is, het getuig en bevestig dat Bloem het mense gewerf in Kroonstad om aan te sluit by UDF en UDF se aktiwiteite deel te neem en dat hy was self ook deur Bloem gewerk gewees. Dit is so, die getuienis op bladsy 729 behandel dit dat UDF het - Bloem het UDF T-hemde versprei in Seisoville. Dan bladsy 729 tot 732, die getuienis wat ons daar saamvat is dat Bloem het gereeld met UDF geskakel, na hulle kantore gegaan in Johannesburg. Hy het die UDF kampanjes bevorder deur pamflette van UDF te versprei wat hy gekry het onder andere van beskuldigde 20 en ook in die kantore van UDF. Hy het UDF plakkate opgeplak, hy het ander UDF publikasies versprei daar in die woonbuurt. Hy het beskuldigde 20 genooi om

UDF / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

UDF te kom populariseer op hierdie besonderebegrafnis waar beskuldigde 20 teenwoordig was en hy het georganiseer in daardie gebied om organisasies te stig. Nou ons wys op bladsy 733 dat 'n SASPU National van Maart 1985 is daar 'n artikel wat bevestig dat COSAS en AZAPO in Seisoville geopereer het. Nou van bladsy 733 tot 734 vat ek die volgende saam wat daar uiteengesit word, dat geweld het uitgebreek en die redes daarvoor wat genoem is is dat weerstand van die gemeenskap en die skole teen die regeringsbeleid is as rede gegee in hierdie dokument, hierdie SASPU National. Die knelpunte wat daar van gegeld het is studenterade, lyfstraf, ouderdomsperk, met ander woorde dit is presies die COSAS knelpunte wat ook hier in Seisoville opgeneem is en aangewend is. In hierdie artikel word ook vermeld dat die regeringsmagte word bedreig deur groeiende studente-aksie. Hulle het ook geëis die vrylating van aangehoude studente en dat die polisie uit die woongebiede moet padgee. Hulle het ook dit gestel in hierdie dokument dat die sluit van skole wek woede op by die ouers in Seisoville. Ons verwys hier na die <u>Eye</u> van Maart 1985 waar dit onder andere gesê word dat die raadslede het bedank onder druk van die inwoners en ook in BEWYSSTUK C.110 word dit genoem as 'n sukses van UDF dat raadslede bedank het. Nou of COSAS in Seisoville geopereer het, is ons respekvolle betoog dat ons het reeds hierdie bewys dat dit daar geopereer ht en dan die getuie Sebetoane was eintlik die persoon wat hieroor kom getuig het en gesê het dat daar nie 'n COSAS in Seisoville was nie. Ons sê met alle respek dat haar getuienis is nie die waarheid nie want hulle neem in die eerste instansie al die eise van COSAS op en stel dieselfde eise. Dit

begin / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

begin alreeds soos ons gesê het in 1984 waar georganiseer is vir eise wat COSAS voorskryf. Sy vertel in hierdie hof in alle respek 'n klomp leuens. Sy dra kennis van COSAS want ons sien in BEWYSSTUK CA.27 en CA.28, CA.68, AAC.55 dat COSAS wel daarso betrokke was. Nou veral wat belangrik is die dokument wat sy in haar eie handskrif opgestel het. Ek verwys op bladsy 736 daarna waar die volgende aanhaling daaruit geneem word: "My leader is Mandela, my defence force is Mkhonto we Sizwe and my school organisation is COSAS and my teacher is UDF". Dit is eintlik 'n besondere goeie samevatting van wat werklik gebeur het in hierdie hele vryheidstryd so ook in Kroonstad dat die moeilikhede wat dnar ontstaan het is nie as gevolg van polisie-optrede nie maar as gevolg van organisering en mobilisering van die massas in Kroonstad teen die regering, regeringsinstellings en dat die mense tot uitbarsting gekom het. So ons respekvolle betoog is dat u sal vind in hierdie geval dat ook geweldpleging georganiseer was deur UDF en UDF geaffilieërdes en aktiewe ondersteuners in Kroonstad en die geweld wat daar was, was geweld in die vryheidstryd.

MNR FICK: Ek sal die volgende een neem, edele dit is THABONG wat begin op bladsy 737. Eerstens paragraaf 1.4 op 737 word daar erken deur die verdediging dat daar wel ongeveer 200 COSAS lede in Welkom is. Mnr Leeba, bladsy 738, wat namens die verdediging getuig het weerspreek die stelling wat die verdediging gemaak het naamlik dat die polisie na 19h00 saans die mense geïntimideer het. Daar was 'n sogenaamde klokreëling ingestel gewees en die mense was aangerand. Hy weet niks daarvan nie, hy het nooit die probleme ondervind nie sê hyself. Hy weerspreek ook 'n ander stelling van

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die verdediging dat die kinders in die skole wat Xhosa-sprekend was weggejaag is by die skole en nie daar toegelaat is nie. Hy sê hyself is Xhosa en hy het nooit van sulke moeilikheid gehoor nie. Mnr Phate, bladsy 739, hy weerspreek die stelling van die verdediging dat daar in Augustus 1984 'n klokreëling ingestel is. Hy sê hyself weet nie van sulke moeilikheid nie en het saans na 21h00 by die huis gekom. Bladsy 739 heel onderaan, paragraaf 1.14.3 is die van verkeerd gespel, dit is Billy Makobo - die "p" moet 'n "b" wees. Dan bladsy 740 sê die staat die ontkenning van hierdie getuie dat COSAS voor 1984 bestaan het is vals in die lig van BEWYSSTUK C.52 wat deur beskuldigdes 19 en 20 opgestel is vir die MEC van UDF, dit is die erkenning wat in BEWYSSTUK AAS.9, bladsy 1, gemaak is deur die verdediging en dit is ook 'n dokument wat by UDF gekry is volgens AHS.5 bladsy 5. Daarvolgens het hierdie twee here van UDF al op 7 Oktober 1983 met COSAS gaan vergader in Thabong. Die staat voer ook aan dat die heer Moloi se getuienis dat hy net een vergadering van COSAS sou bygewoon het is klaarblyklik vals. Dit is paragraaf 1.14.5. Dan bladsy 741 betoog die staat dat die getuie weerspreek ook die verdediging se stelling naamlik dat daar 'n sogenaamde <u>ad hoc</u> ouerkomitee was wat sou geëis het dat die skole moet heropen, par.1.14.9. Die getuie se getuienis op bladsy 741 dat die onderwysers die skoliere, varke, honde en kaffers sou genoem het en dit sou algemeen bekend gewees het is klaarblyklik vals. Dit is die eerste ding wat die verdediging sou gedoen het, om dit te gestel het aan die staatsgetuies.

<u>HOF</u>: Is dit nie gedoen nie?

<u>MNR FICK</u>: Nee, daar is net 'n verwys daarna dat die

skoliere / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

skoliere sou varke genoem gewees het. Die res van die bewerings is nooit gestel nie. Dit toon aan dat hierdie man se motief openbaar word in sy getuienis, hy kom dinge vererger. Ook die bewering op bladsy 742, paragraaf 1.14.14, die getuienis dat mnr Rossouw, ʼn onderwyser, ʼn meisie in die maag sou skop is vals. Dit bots met die stelling dat dit ʼn seuns was wat geskop sou gewees het en tweedens beweer die getuie dat die meise wat hy van gehoor het is van agter geskop en nie in die maag nie; dit is die ander grief wat hulle sou gehad het. Ook weerspreek Moloi die stellings bladsy 743 van die verdediging dat die skool vir elf dae gesluit sou gewees het om die skoliere te straf. Dan volgens Moloi kom hy met die onsinnige weergawe vorendag dat hulle sou besluit het, die skoliere om in die woongebied rond te loop om te wys hulle is ontevrede met die sluiting van die skool en die manier waarop hulle die kinders sou tug en nou gaan hulle en hulle gaan loop voor die hostels verby waar niemand bedags tuis is nie, loop hulle met hulle plakkate rond. Die getuie ontken verder op bladsy 744 die stelling van die verdediging dat daar op 23 Julie 1984 250 skoliere van die Tetoskool sou wegmarsjeer het en dat die polisie hulle sou aangeval het vir geen rede hoegenaamd nie. Die getuie Mocoaneoeng van die verdediging, hy getuig dat hy op 2 Augustus nie die skool wou bywoon nie want hy was ontevrede oor die gearresteerde leerling, maar aan die anderkant is dit ʼn aanduiding van hoe onredelik die mense se eise is. Daar is leerlinge gearresteer wat geweld gepleeg het, hy weet daarvan, hy het dit self gesien maar hy kom sit sowaar en hy bied dit aan as ʼn rede waarom hy nie skool toe gegaan het nie. Dan verwys ek na bladsy 747 en 748

na / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na die staatsgetuienis oor wat sou gebeur het by die skool op 1 Augustus, die Tetoskool; die geweldpleging wat daar toe uitgebreek het. Dan wil ek die hof verder verwys na bladsy 752 waar die verdedigingsgetuie Moloi die stelling van die verdediging weerspreek dat die polisie die skoliere met sambokke sou gejaag en geslaan het, dit is op p 752, paragraaf 4.16.7. Dit is ook ons betoog dat die getuie se weergawe verder van hoe dit gekom het dat hy by die ander skool, Tutagautaskool geland het, dat die polisie hom daar geskiet het is ooglopend vals. Hy weerhou van die hof die inligting dat hulle soontoe gegaan het om die skool te ontwrig, soos die staatsgetuie sê. Ook Moloi se hele getuienis verder van hoe dit gekom het dat hulle by die Lebohang hoërskool uitgekom het, is met alle respek ongeloofwaardig. Hulle het toevallig uitgevind dat die leerlinge van die Tutagautaskool wil ook SRCs hê en net so toevallig het dié mense gehoor dat Lebohang hoërskool wil ook SRC hê en hy sê dan hy het nooit vir die leerlinge gesê dat die polisie op hulle kan skiet soos die polisie vantevore gemaak het want dit het nie in sy gedagte opgekom nie, pas nadat hy vir die polisie moes vlug. Dan sê ek op bladsy 754, paragraaf 4.17.5 Mocoancoeng bevestig dat die dag van 1 Augustus 'n groep leerlinge van die drie skole voertuie voorgekeer en aan die brand gesteek het - hulle was betrokke by geweldpleging. Ons sê op bladsy 757 dat Moloi se getuienis dat almal gesê is om op 1 Augustus terug te keer skool toe word weerspreek deur BEWYSSTUK W.64 wat die staatsgetuienis staaf waar gesê word dat net die matriekleerlinge versoek is om te registreer. Dan bladsy 758 Mocoancoeng se getuienis oor hoe hulle sou geweier het om in die klasse in te gaan uit protes oor

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die leerlinge wat gearresteer is dan sê hy sit die hele oggend daar by die skool, hy weet nie hoeveel leerlinge gearresteer is nie, hy weet nie hoekom hulle gearresteer is nie maar hulle sit buitekant die klas en weier om in die klas in te gaan, dui ook op die onredelikheid van hierdie mense se optrede. Dan weerspreek hy ook die verdediging se stelling dat die skoliere van Tutagauta en Teto sou weer op 2 September by die skool opgedaag het omdat hulle ontevrede was omdat die polisie hulle by die skole sou uitgejaag het. Dan gaan ek na die getuienis oor die begrafnis van Loape wat op bladsy 758 begin en dan verwys ons na bladsy 759, paragraaf 6.8; by hierdie begrafnis was daar baniere van verskillende organisasies, COSAS, AZAPO, UDF; selfs beskuldigde 20 was daar gewees. Hierdie heer Loape is daar geen getuienis dat hy ooit aan enige organisasie behoort het nie. Selfs Abrey Mokoena van die Release Mandela Committee daag by hierdie begrafnis op. Dit is 'n verdere bewys hoe die organisasies begrafnisse uitbuit tot hulle eie voordeel. Dan is daar die getuienis dat net na die begrafnis is 'n groep in die woongebied in en het hulle die polisie aangeval en die biertuin is ook aangeval. Hulle is met UDF, COSAS en Release Mandela baniere is hulle die woongebied in. Hulle is gewaarsku om uiteen te gaan op bladsy 760 is die getuienis en hulle val toe die polisie aan en hulle word uiteengejaag met traanrook. Dit is die staat se betoog dat daar nie een van die getuies van die verdediging geroep is om hierdie stelling te weerlê nie. Al die verdedigingsgetuies wat getuig het oor die begrafnis was in 'n posisie om dit nie te weerlê nie. Mev Leeba is vroeg by die begrafnis weg, die ander mense is almal vroeg by die begrafnis weg. Nie een

van / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die verdedigingsgetuies wat getuig het was in 'n posisie om hierdie getuienis te weerlê nie en ek vra die hof om dit te aanvaar. Op bladsy 761 sê ek in elk geval vir die hof verder in paragraaf 6.15.2 dat mev Leeba wat by hierdie begrafnis was, se getuienis is strydig met die staat en die verdedigingsgetuienis oor die baniere. Sy vertel dit was 'n stil en rustige begrafnis waar die kis gedra was terwyl die mense rustig stap. Dit is ooglopend vals as die hof let op BEWYSSTUK W.64, 'n foto van die begrafnis wat aantoon hoe die mense skreeuend met gebalde vuiste in die stoet hardloop. Ook is beskuldigde 20, bladsy 761 onderaan, se getuienis en mev Leeba se getuienis oor wat beskuldigde 20 by hierdie graf sou gesê het strydig met mekaar. Bladsy 762 bo-aan is die getuienis wat ek beweer, die rede waarom ek beweer dat die getuie nie die polisiegetuienis kan weerlê nie. Sy sê sy is na die begrafnis vinnig per motor van die graf af weg voor die voetgangers wat die moeilikheid sou kom maak het. Ook Phate beweer niemand het vir hom gesê daar is beperkings geplaas op hierdie begrafnis nie en ek voer aan dit is hoogs ongeloofwaardig want hy was ten minste by die teraardebestelling in beheer van die begrafnis. Sy getuienis en mev Leeba s'n is ook strydig oor hoe die kis gedra is en of hy per voertuig vervoer is. Ook hierdie getuie, bladsy 763, se getuienis ten opsigte van wat beskuldigde 10 by die graf sou gesê het is strydig met die vorige getuie van die verdediging se getuienis. Phate kom weerspreek mev Leeba; direk strydig met mev Leeba se getuienis, bladsy 763, paragraaf 6.16.7, waar hy beweer dat die voorste voertuie waar mev Leeba sê sy was is voorgekeer deur die polisie, hulle is omgedraai; hulle het

teruggekom/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

teruggekom. Dan sê ek in paragraaf 6.16.8, Phate kan ook nie die staatsgetuies se weergawe weerspreek dat 'n klomp na die begrafnis die woongebied ingehardloop het nie want hy was toe al weg, volgens homself. Dan gaan ek na die gebeurtenis op 5 September 1984, dit is die vergadering in die Phillip Smitsaal. Die getuienis is dat by die vergadering, na die vergadering was daar aanvalle gewees in die woongebied op vragmotors, 'n lid van die polisie se huis is aan die brand gesteek met petrolbomme, dit is A/O. Morolong se getuienis. Morolong kom getuig oor die vergadering en hy sê op die vergadering was daar 'n klomp skoliere gewees wat COSAS en UDF T-hemde aangehad het. Billy Makobo van COSAS was ook daar by gewees en hy is een van die manne wat die vryheidsliedere gelei het en daar is vir hom geskree hulle wil hom nie hê nie, hulle gaan sy huis afbrand en pas daarna is sy huis afgebrand. Die klomp verdedigingsgetuies wat kom getuig het oor die vergadering weerspreek mekaar wesenlik oor wat daar gesê sou gewees het. Hulle weerspreek mekaar oor wie die voorsitter sou gewees het van die vergadering. Hulle weerspreek mekaar oor hoeveel mense het die vergadering verlaat, dit is van bladsy 769 af, blyk dit. Hulle weerspreek mekaar oor wat die ontevredenheid op die vergadering sou veroorsaak het. Hulle weerspreek mekaar oor wat beskadig is op hierdie vergadering; hulle weerspreek mekaar oor wie sou gepraat het. Die een beweer dat die stadsklerk was 'n spreker; die ander een sê ek ken die stadsklerk, hy was glad nie op die vergadering gewees nie. En dan word dit betoog op bladsy 771 dat die klomp teenstrydighede in die verdediging se getuienis bestaan omdat hierdie mense met valse weergawes kom en dat hulle probeer

verdoesel / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verdoesel wat daar gebeur het by hierdie vergadering. Dit word betoog dat die staat se relaas aanvaar behoort te word en dat die hof behoort te bevind dat hierdie klomp COSAS-leerlinge onder leiding van Makobo, die COSAS-bestuurslid die vergadering ontwrig het en dat hulle daarna, nadat die polisie gedreig is, is die polisieman se huis aangeval. Wat die dokumentêre bewysstukke betref verwys ek eers na paragraaf 10.3 op bladsy 772, dit is BEWYSSTUK C.52 waarna ek voorheen verwys het. Hiervolgens is dit duidelik dat beskuldigdes 19 en 20 met COSAS vergader het en die mense is daar onderrig in die geskiedenis van "resistance" en die geskiedenis van UDF. Uit die bewysstuk is dit verder duidelik dat daar besluit is op hierdie vergadering dat die massas gepolitiseer moet word en daar moet pogings aangewend word om 'n UDF areakomitee te stig. Beskuldigdes 19 en 20 bevestig dat die vergadering se prioriteit, dit is die klomp skoliere wat hulle mee praat, is die opponering van die swart plaaslike besture en hulle bevestig dan ook dat hulle later sal terugkom Thabong toe om hulle samesprekings voort te sit. Dit word betoog dat die skoliere hier onder leiding van COSAS in Thabong daarop uit was om die woongebiede en die skole onbeheerbaar te maak en dat hulle 'n klomp onredelike en onsinnige griewe mee vorendag gekom het om die leerlinge op te sweep tot geweldpleging en dat die begrafnis van Loape deur COSAS en UDF uitgebuit is vir hul eie voordeel om die massas op te sweep.

Die volgende gebied is mnr Jacobs s'n. Hy sal 'n hele paar gebiede nou doen voor ek weer aan die beurt kom.

<u>MNR JACOBS</u>: Dankie, edele, die volgende gebied is dan Huhudi. Dit is op bladsy 741. Nou die organisasies wat in Huhudi

georganiseer / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

georganiseer het met UDF Transvaalstreek, in paragraaf 1 op bladsy 774 is HUCA, HUYO en UDF. In paragraaf 2 wys ons op hierdie stadium reeds daarop dat HUCA reeds in 1983 geaffiliëer het met UDF Transvaal streek. In werklikheid was HUCA een van die stigterslede by die stigting van UDF Transvaal streek. Hoffman Galeng was gekies op die bestuur of die REC van Transvaalstreek van UDF en dit het ook gebly dat lede van HUCA het reeds sedert 1983 ook die algemene raadsvergaderings as die verteenwoordigers van HUCA bygewoon en daar het hulle almal deelgeneem aan die aktiwiteite daar. BEWYSSTUKKE 26, W.24 en AM.20 bevestig wat ons hierso gesê het. Nou later in dieselfde hoofstuk behandel ons hoe die getuies wat deur die verdediging geroep is en wat probeer voorgee het dat HUCA eers geaffiliëer het by UDF na die nasionale stigting van UDF dat dit vals is en ons maak net hier die aanmerking dat dit 'n valsheid is wat hulle hier kom verkondig het dat die affiliasie het plaasgevind na die nasionale stigting. Nou in die Noord-Kaap en dit is eienaardig gewees hoedat die getuies wat die verdediging hier geroep het, hoe min hulle geweet het van UDF Noord-Kaap, want in die Noord-Kaap is daar 'n streek van UDF gestig en UDF en HUCA het intiem saamgewerk in die streek om dit tot stand te bring en dit in stand te hou daar. Nadat dit tot stand gekom het, het HUCA en UDF kantore gedeel in Vryburg en is 'n voorsitter, Hoffman Galeng tussen die twee organisasies gedeel daar. Ons gee die bewysplekke daar waar dit voorkom. Nou op bladsy 776 maak ons die stelling dat HUCA het ook HUYO en ander organisasies gestig. Hulle het HUYO as 'n jeugorganisasie gestig daar in Huhudi en hulle het 'n werkersorganisasie daar tot stand gebring. Hulle het ouers en

leerlinge / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

leerlinge en 'n "parents' support committee" daar tot stand gebring. Nou ons sê dat die organisasies wat daar in Huhudi bestaan het, het baie nou saamgewerk met mekaar om die massas te mobiliseer, te organiseer en te politiseer. Ons noem hierso van Hoffman Galeng, Khasu en Crutse wat op HUCA en HUYO en op UDF Noord-Kaap se besture gedien het en dan verwys ons daar na die bewysplase waar dit gekry kan word. Nou ons sê dat HUCA en ons kan daar miskien net byvoeg dat HUCA en HUYO het die organisering en politisering gedoen in hierdie gebied in die Noord-Kaap en ook veral in Vryburg. En die mense opgesweep aan die hand van knelpunte en hulle het dit gedoen, hierdie politisering en mobilisering sê ons en ons gee die bewysplekke hier, deur massavergaderings wat hulle gehou het, deur huis tot huis vergaderings wat hulle gehou het en deur die verspreiding van pamflette en ook die aanbring van plakkate. 'n Bewysstuk wat nogal baie insiggewend is is BEWYSSTUK AM.56 wat ons behandel op bladsy 777. Soos dit daar aangehaal is, "This is HUY's Organisational Approach to the Struggle". Dit is die dokument wat hulle uitgee en dan sê hulle ook daar, as 'n mens na hierdie dokument kyk is dit opmerklik hoe die hele konsep van UDF deur die organisasie uitgevoer word en opgeneem is. Ons stel dit, dit is 'n bewys hoe dit oor die algemeen gedoen is want die werklikheid soos dinge plaasgevind het, het altyd gedraai om hierdie een kardinale punt wat ook hier in voorkom dat die swart massas was die mense wat tot aksie moes oorgegaan het. Nou hulle sê in die middel van daardie bladsy 777, wil ek daardie een deeltjie aanhaal. Hulle sê daar: "To disorganise the enemy camp". Nou hier word die "enemy camp" weer ingebring, die algemeen aanvaarde beginsel in UDF en in die ANC:

"..and /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"..and unite our people against all forms of repression, oppression and apartheid colonialism.." en dan onderaan die bladsy: "Only the masses of the oppressed people in SA can bring about this change, e.g. the most oppressed and exploited people, working class.." En dan net bo-aan die volgende bladsy: "It is only when they take part directly in activity that people get a better understanding of oppression and come to see that they can change it." Met ander woorde dit is ons submissie as ꞌn mens hierdie ding so lees, is weer ꞌn duidelike beeld wat ꞌn duidelike uitlewing is van hierdie beeld en beleid van UDF dat die mense moet direk self in aksie betrokke raak en nie deur gesprekvoering nie - onthou dit is hier duidelik gestel dat hulle "directly" moet optree "in activity". Nou dit is vir ons met alle respek ꞌn baie duidelike aanduiding: geweld is die enigste manier waar die mense kan optree om dit te doen wat ook in werklikheid gebeur het. Nou ons verwys in die volgende paragraaf, 4, na verskeie plekke hoedat daar ꞌn noue skakeling en samewerking is tussen die verskillende organisasies. Ons sien later word dit uitgewys as ꞌn mens kyk na paragraaf 2 daarso in die middel dat beskuldigde nr.19, Popo Molefe het byvoorbeeld ꞌn MSC kampanje en ꞌn "workshop" daar gaan hou in daardie gebiede so as ꞌn mens hierdie paragrawe en hierdie dele neem en kyk wys ons uit dit is bewys deur die getuienis maar ek vat dit net saam hierso dat baie UDF persoonlikhede, UDF leiers, het na daardie gebied toe gegaan om die mense daar te gaan toespreek en te mobiliseer en politiseer. Ons sien dat Albertina Sisulu was daar gewees. Ek het daar na ꞌn volume verwys wat ek nie gehad het nie, ek kan dit nou vir die hof gee - daar onder sub-paragraaf (i), die volume is nr.75, bladsye



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

3 942 tot 3 943 en volume 76, bladsy 3 986. Nou ons het getuienis hier in die hof gehad dat beskuldigde nr.19 het 'n opleidingskursus - ek het dit nou net genoem - in die gebied gaan organiseer. Die bewysstuk is daar, beskuldigde 19 het ook 'n leidende rol gespeel in die organisering en stigting van UDF in die Noord-Kaap en die hou van massavergadering te Kimberley. Ek het ongelukkig nie sy nommer, sien ek, hier ingesit nie. Ek het nie gesien hy het gekort nie, ek sal dit net kry. Dit is die vergadering wat gehou is in Kimberley en die werkswinkel se bewysstuknommer sal ek ook vir die hof kry. Hy is tussen die UU-reeks bewysstukke, ek sal dit net later kry. Die ondervoorsitter en daar is 'n fout, dit moet Jomo Khasu wees. Nou op 18 Maart 1984 het Frank Chikane en Aubrey Mokoena daar opgedaag en die mense daar toegespreek met die loodsing van die MSC te Kimberley, die Noord-Kaapse deel van die - dit is BEWYSSTUK AL.37. Nou ons het die getuienis gehad dat Curtis Nkondo verskeie kere 'n besoek gaan aflê het in Huhudi waar hy die mense toegespreek het. Daar is ook in samewerking met die mense van Huhudi en UDF Noord-Kaap is daar vergadering gehou te Kimberley waar professor Mohamed, Albertina Sisulu, beskuldigde 20 en Mewa Ramgobin opgetree het as sprekers om UDF se beleid te bevorder - dit is BEWYSSTUK 16 en BEWYSSTUK V.16. Op die HUYO en HUCA georganiseerde vergadering op 1 Julie 1984 te Vryburg het beskuldigde 20, Aubrey Mokoena saam met Hoffman Galeng en Oupa Tekere Monareng opgetree waar die gehoor gepolitiseer was ten aansien van ANC en Mkhonto we Sizwe vir optrede teen die owerhede; BEWYSSTUK V.12. Dit is die geleentheid waar beskuldigde 20 gesê het "our Mkhonto we Sizwe" sal vir hulle bevryding bring. Dan Frank Chikane

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het tydens die stigtingsvergadering 'n belangrike bydrae gelewer namens UDF te Vryburg en BEWYSSTUK W.32 gee dit aan. Nou dit is opmerklik dat hierso in Huhudi was daar grootskaalse organisering teen die raadslede en die knelpunte is legio wat hulle daar aangewend het. Op bladsy 781 in paragraaf 5 daar begin ons vir u gee hoeveel verskillende dokumente waarin dit gemeld word watter knelpunte daar aangewend is, watter pamflette daar versprei is deur hierdie organisasies. As 'n mens miskien kyk as 'n voorbeeld op 782 daar, paragraaf 5, HUYO het 'n pamflet uitgegee dat die raadslede/swart plaaslike besture wat voorgegee het dat hulle regering, die Boere help teen die swart inwoners, daarin word voorgegee dat die verhoogde huur is diefstal deur die raadslede gepleeg. Die hoofdoel is om swart inwoners en die huise af te breek en hulle te verskuif na Pudimoe. So hier is eintlik 'n menigte voorbeelde van knelpunte soos op bladsy 783 gaan dit voort. Paragraaf (7) kan 'n mens miskien na kyk: HUYO bevestig uitdruklik dat hulle die massas organiseer ten einde aksie te neem to "disorganise the enemy camp" and to "unite people against all forms of repression, oppression and apartheid and colonialism". Op die volgende bladsy gaan dit voort en ons sê daarso in hierdie dokument wat bespreek word AM.53 is 'n HUYO pamflet wat uitgestuur is en die inwoners word daarin spesifiek uitgenooi: "Let us unite under the banner of the people's organisation". Dit is algemeen bekend dat die ANC bekend is as die "people's organisation".

HOF: Waar staan dit?

MNR JACOBS: In die ANC dokumente.

HOF: Ja, dit sê hulle van hulself. Sê die UDF nie van homself dat hy 'n "people's organisation" is nie? Sê ander

mense / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense ook nie dat hulle "people's organisations" is nie?

MNR JACOBS: Ja, dit is miskien - ek sal dit dan daar laat en daardie punt dan nie verder voer nie. Op bladsy 784 word daar nog verdere knelpunte uitgewys wat daar gebruik is. Nou afgesien van die samewerking tussen die organisasies daar in die gebied kry ons in bladsy 785 dat die anti-PC het ook gesorg vir die..

HOF: Onderaan bladsy 784 word die aanduiding gegee dat 'n volume ingeskryf sou word. Is dit so of is dit maar net by my?

MNR JACOBS: Ja, ek dink ek sal hom kry. Myne het ek op 'n stadium doodgekrap maar ek sal dit kry. Terwyl u daar is, ek is jammer..

HOF: Of moet ons hom maar doodtrek?

MNR JACOBS: U kan dit maar doodtrek want dit blyk ook uit die bewysstuk self. Kan ek net terwyl ons daar is, ek het vergeet om die hof se aandag daarop te vestig, in daardie laaste paragraaf word daar geskryf Bushy Moape. Dit is eintlik Bushy Maape.

HOF: Ons het op 'n stadium hom geskryf as Bushy Moape

MNR JACOBS: Maar ek dink in die dokument word hy as Bushy Maape aangeteken - ek mag verkeerd wees. Soos ek gesê het dan afgesien van die organisasies wat nou self daar in die Huhudi gesetel was, kry ons hierso op bladsy 785, haal ons 'n paar ander organisasies aan wat daar aktief was in ander aktiwiteite daar. Die anti-PC het ook gesorg vir die verspreiding van opruiende publikasies in Huhudi en dit kry ons, ek verwys daar na die bewysstuk waarin dit verkry word wat ons hier sê. UDF se Million Signature is in samewerking met die organisasies in Huhudi uitgevoer en dan wat opmerklik was

in /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in die dokumente van die "steering committee" wat gestig was om UDF Noord-Kaap tot stand te bring, dat daar is baie deeglike beplanning gedoen om die massas te politiseer as 'n mens kyk na sub-paragraaf (13), 5.1 het hulle 'n "education committee" en hier word die van weer Moape geskryf maar ek is nie so seker dat dit dalk hier een van die plekke is waar Moape geskryf is nie, waar hierdie betrokke Bushy Maape die "convener" van was en sy komitee sou "be responsible for political education in the region", en spesifieke knelpunte word ook hier geïdentifiseer en getabuleer wat gebruik moes word, "the international youth year, conscription and removals". Dit word verkry in BEWYSSTUK AM.17. Dan op bladsy 786 daar het die "anti-election campaign" ook uitgevoer daarso in die Noord-Kaap en waar Vryburg en Huhudi se mense en organisasies HUCA en HUYO aktief deelgeneem het. Onder andere in Vryburg het twaalf mense ononderbroke gewerk om die kampanje te bevorder. Die publisiteitsekretatis van UDF, beskuldigde 20, het saam met ander 'n opleidingskursus ten opsigte van die konstitusie en die anti-verkiesingskampanje aangebied en wat belangrik is en as besondere belang beskou word is dat UDF die historiese ketting van weerstand by hierdie kursus verduidelik het en dan kry ons in subparagraaf (iii) onder 14 dat UDF publikasies is daar versprei, publikasies soos UDF News en "anti-PC" dokumente, "New deal is no deal". Daar is pamflette versprei en in sub-paragraaf (iv) word dit genoem soos pamflette, plakkate en nuusbriewe en die dag van die verkiesing is daar spesiaal 'n skoleboikot gereël "Additional- Vryburg - Boycott at Colinda High School Protest with posters by activists from Huhudi." Nou op bladsy 787 behandel ons die SASPU National van Oktober

1983 /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1983 en daarin word uiteengesit die aanhalings wat daar gemaak is dat HUCA bevestig die Piet Koornhof en die "council puppets". HUCA was gevorm om opposisie te verskaf teen verskuiwings en ander knelpunte op te neem in die gebied. Nou in hierdie dokument, ek sien daar is 'n spelfout blykbaar in punt 5. Dit is Galeng, Hoffman Galeng, waar hy alreeds ook hierso op hierdie stigtingsvergadering dit noem dat die mense word omgekoop om te verskuif en al daardie tipe dinge. Nou hierdie dokument wat versprei is deur 'n SASPU National wat groot aansien in Vryburg geniet het by HUCA spesifiek waar dit genoem word in hulle stukke, het hierso belangrike feite geopenbaar wat deur die getuienis wat aangebied is deur die verdediging betwis was en dit is dat daar 'n groot geleentheid gemaak is van hierdie geleentheid en dat daar mense gekom het soos mnr Frank Chikane wat daar gepraat het; ander lede van - ek dink 'n verteenwoordiger van die Black Sash het daar gepraat. Brooks het daar gepraat, eerw. Brooks, so ons respekvolle betoog is hier kry ons bevestiging daarvoor dat die getuies wat oor daardie aspek probeer het om UDF op die agtergrond te stoot, nie die waarheid gepraat het nie. As ek net 'n ander aspek hier kan bysleep, u sal onthou dat London is deur die verdediging geroep om oor hierdie aspek veral te getuig. Mnr London het baie dinge goed onthou maar tot op 'n sekere stadium. As hy gevra was oor enige konneksie van UDF met die organisasies in Vryburg dan het sy geheue hom geweldig in die steek gelaat en dan kan hy niks onthou nie. U sal onthou hy is op 'n stadium in sy getuienis gevra omtrent 'n vergadering waar hy die mense moes bedank het, of nie bedank het nie, verwelkom het. Hy het erken hy het dit gedoen maar hy

kon / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kon nie vir die hof een van die mense sê wat hy daar verwelkom het nie, kon hy dit skielik nie meer onthou nie. So ons respekvolle betoog is elke keer dat daar iets kom wat dui in die rigting van UDF en UDF-aktiwiteite dan weet hulle nie. U sal onthou dat hy ook getuienis gegee het dat hy nie eens geweet het dat daar 'n plaaslike tak of plaaslike streek van UDF in daardie gebied was nie. En daar was heelwat van hulle wat dit nie geweet het nie; hulle het nie eens geweet dat 'n kantoor gedeel word met UDF nie. Nou op hierdie vergadering waar HUCA gestig is het mnr Frank Chikane dan op bladsy 788, paragraaf 10 het hy 'n belangrike rol gespeel. Hy het vir die mense daar kom vertel van die vryheidstryd en die vryheidstryd kom beklemtoon daarso. En die swart plaaslike bestuur en instromingsbeheer het hy aangegryp om die mense daarmee te mobiliseer teen die raadslede. Hy het dit spesifiek gebruik om die raadslede by te kom. En ek maak die aanhaling op bladsy 789: "I want to call on you to reject all differentiation that goes with the system and stand united because of UDF all communities throughout South Africa are with Huhudi because we unite to fight apartheid". So dit is baie duidelik van die begin af, van die stigting van HUCA af al is dit duidelik by hulle ingeprent dit gaan nie oor plaaslike probleme nie en oor verskuiwings nie, dit gaan oor die bevesgting en die omverwerping van die regering. Nou in die getuienis wat aangebied is het ons ook bevestiging op bladsy 790, paragraaf 3. dat die getuie Dikhole het bevestig dat mnr Frank Chikane van UDF 'n spreker was daar op 'n massavergadering in Februarie 1984. Hy het ook in sy getuienis bevestig op bladsy 791 dat daar 'n massavergadering was op 14 Oktober 1984 waar

Albertina / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Albertina Sisulu van UDF 'n spreker was. Nou as ek net 'n oomblik hierby kan stilstaan, party van die verdedigingsgetuies het dit probeer ontken, daar was 'n weerspreking gewees, party het gesê sy sou net by 'n nagwaak gewees het; ander het gesê sy sou wel toesprake gelewer het op die 14de maar wat belangrik is is dat dit is eienaardig dat direk na hierdie vergadering en as 'n mens nog onthou die getuienis was dat die raadslede het van die begin af deurentyd die verskuiwings beveg; hulle het geslaag daarin om onderhoude te hê met die minister en uiteindelik is hierdie verskuiwing gestaak nadat dit bekend geword het op 14, 15 Oktober 1984, dan kry ons die volgende - toe word die man wat eintlik die leiding geneem het en die leier was om die regering self te beveg aan die kant van die raad, toe word sy huis aan die brand gesteek. Die volgende bladsy is daar bietjie verwarrring. As mens na 791 oorgaan, ek dink die 792 wat daar is het die masjien..

HOF: Het u ook twee bladsye wat dieselfde is?

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

HOF: Maar dan moet ons die nommering net so laat. Dit is bladsy 17 maar dan word hy 18 genoem daar?

MNR JACOBS: 18 genoem wil ek miskien net vra dat ons 'n lyn deur hom trek.

HOF: Ja, maar dat ons nie ons nommering hoef te verander nie.

MNR JACOBS: Ja, ek het myne net toegevou maar ek het net gedink om..

HOF: Laat ek dit net opklaar mnr Jacobs, 791 is genommer 17?

MNR JACOBS: 17, ja.

HOF / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF: 792 wat ek moet deurhaal is genommer 18. 793 is genommer 19. En dan 794 is 20 ensovoorts.

MNR JACOBS: 794 is 20.

HOF: Ja, gaan maar voort. Ek het al verwag dat ek al my bladsye sal moet hernommer.

MNR JACOBS: Nee, ek het myne ook net gevou, ek wou dit nie graag hernommer nie want ek het dieselfde gedink.. Die geweld wat daar gepleeg is na hierdie vergadering word bevestig deur die ander getuie wat die staat geroep het Matlhoko op bladsy 393 en ook sy huis en winkel was aangeval gewees. En wat meer is hy sê dat na die aanvalle - na vergaderings deur hierdie organisasies, dit is HUCA HOYO en UDF wat sy huis dikwels aangeval deur jeugdiges en dit is altwee die staatsgetuies wat daardie getuienis gee. Nou as ek net 'n oomblik hierby mag stilstaan, ek het dit nie hier ingebring nie maar net om op iets te wys, dat die getuies van die verdediging het nie een gekom en vir die hof gesê dit het nooit plaasgevind nie. Van hulle sê hulle het gehoor so-iets het gebeur, party het gesê hulle het nie gehoor nie maar nie een van hulle kon die getuienis van die staat weerspreek en sê dit is 'n leuen wat hulle kom vertel het, daar het nooit so-iets plaasgevind nie. Nou toe die huis en die winkel aangeval is kan 'n mens sien die werklike minagting wat daar getoon word vir die regering en regeringsleiers wat toe is daar gesing "Botha, jy is 'n jojo", "Mandela soek soldate", en "jy-jy". Gedurig met hierdie aanvalle, na vergaderings was die aanvalle geloods deur die jong mense, die jeug en het hulle ook hul vryheidsliedere gesing by daardie geleenthede. Dit verskyn op bladsy 794 bo-aan. Nou ons het die getuienis gehad en ons het al die tyd

gesien / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien van die begin af, vandat hierdie raad in beheer gekom het in Huhudi het hulle probeer en het hulle soos ek dit reeds genoem het standpunt ingeneem teen die regering; hulle het al die tyd geveg om die verskuiwing wat na Pudimoe moes plaasvind afgestel te kry. En dit is eintlik afgestel en op 'n vergadering, dit behandel ek op 795, het hulle op 'n vergadering en hulle het ook 'n brief aan HUCA geskryf en gevra' kan hulle nie saamwerk nie en dan sien 'n mens wat is hulle houding in HUCA en HUYO teenoor hierdie raad en raadslede hoewel hulle vir dieselfde dinge geveg het as hierdie mense was HUCA se antwoord dat die doelwitte en die grondwet van HUCA nie toelaat dat hulle gesprekke met die raadslede het nie en hierdie is op die vergadering van die raad herhaal, hulle bereidheid om saam te werk en toe kom daar 'n persoon wat opstaan en hy antwoord dt HUYO en HUCA nie gesprekke met die raadslede sal voer nie, wat met hul hoede in die hand loop en vra dat die Boere hulle moet help en op die vergadering is daar toe ook plakkate aangebring: "Away with councillors" wat die jeug daar gehad het en "We do not want to move to Pudimoe". Dit toon weer dat die knelpunte is nie net bloot vir die oplos van probleme nie. Hier het ons nou 'n geval waar 'n raad al die tyd gewerk het om 'n probleem te probeer oplos en dan word daar politieke munt teen hulle gemaak. Hulle word sleggemaak, allerhande dinge word teen hulle gesê terwyl hulle die mense is wat veg en terwyl hierdie organisasies wat hierso so skreeu en tekere gaan en alles doen, niks self doen om dit reg te kry nie. Nou op bladsy 796 was daar die getuienis dat in raadslid Dikholo se huis is 'n handgranaat gegooi; sy vrou is daar beseer. In dieselfde tyd is 'n handgranaat ook

gegooi / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gegooi in die huis van die ondervoorsitter van die raad. Hierdie feite is ook erken deur die verdediging en ook was dit erken dat ook 'n polisiebeampte se huis is met 'n handgranaat gegooi. Nou ons argument hieroor is, hier was 'n suggestie gemaak dat hierdie, in die kruisondervraging deur die verdediging dat hierdie aanvalle aan die ANC gekoppel moet word. Nou dit is net 'n suggestie wat voor die hof is en dit is ons submissie dat hierdie aanvalle geloods is met die samewerking van UDF en hul geaffiliëerdes in Vryburg en ons gee die volgende redes daarvoor. Die suggestie van die verdediging word nie bevestig deur enige getuies van die verdediging nie. Die getuie vir die staat IC.9 het getuig dat hy spesifiek opdrag van die ANC gekry het om na Kimberley te gaan en daar kontak te maak met UDF. Nou daardie getuienis is nooit betwis of enige iets aangebied om dit te weerlê nie en die voorsitter van die UDF Noord-Kaap is ook die voorsitter van HUCA wat 'n leidende figuur was in die haatveldtog teen die raadslede.

MR BIZOS: That 9 I think is wrong. We spent a lot of time analysing the evidence of IC.9. He is the Sharpeville companion of Koago. It is just the number which is wrong.

MNR JACOBS: O dan is daar 'n fout hier, ekskuus. Ek sal net seker maak - ek sal net gou dat hulle vir my seker maak op die lys watter een dit is. Dit is een van die mense wat - hierdie getuie is een van die mense wat vroeër ANC-opleiding gehad het wat hier getuig het, ek sal nou-nou sy naam kry, sy nommer kry wat hier getuig het dat hy opdrag gehad het van die ANC om kontak te gaan maak met - net voor sy arrestasie is hy Kimberley toe om met UDF se mense daar kontak

te / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te maak. Ek kry net dit dan sal ek terugkom. Dan ons argument, alleenstaande kan 'n mens miskien sê dit is die enigste argument en dit staan nie op twee bene nie maar daar is tog 'n paar dinge wat saamgeneem tog 'n baie sterker aanduiding is en wat ons sê genoegsame aanduiding is die gebrek tot enige getuienis tot die teendeel en dit is dat die gesindheid wat 'n mens ook kry is dat beskuldigde 20 vir die mense van Huhudi oortuig het dat hulle helde en Mkhonto we Sizwe hulle sal kom bevry. Waar daardie mense in Huhudi vertel word hul helde is Mkhonto we Sizwe wat hulle bevry plus die feit dat hier kry ons mense van die ANC wat reguit Vryburg toe kom om met UDF se mense kontak te maak, dan kry dit tog betekenis en waarde en kry dit getuieniswaarde. Die druk en die intimidasie wat op die raadslede van Huhudi toegepas was het ook gelei daarna dat raadslid Pike Thiba bedank het. Dan gaan dit oor die pamflette en dokumente wat versprei is daar en op bladsy 798 kry ons ook die geval waar 'n raadslid Q S Matlhoko getuig het dat Hoffman Galeng en Jomo Khasu hom besoek het toe hy op die raad verkies is en op daardie stadium het hy alreeds, dit was in 1983, het hy daar belangrike getuienis gegee dat hy hom sou moes onttrek aan die raad op daardie stadium en in 1983 kan ons onthou dat hierdie mense, Hoffman Galeng en hierdie mense alreeds vergaderings bygewoon het. Alreeds lid was van UDF, dat hulle aanvaar dat landswyd eerstens hierdie raad op hulle afgedwing is en dan ook lateraan sê dat die mense sal klippe gooi, dat daar sal geweld ontwikkel. So die geweldpleging rakende swart plaaslike besture is al voorspel lank voor dit werklik plaasgevind het in Huhudi.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS: It may be convenient while my learned friend is pausing, I have a note from accused no.22 that it is IC.7. I have learned to trust his memory, at the bottom of page 796.

COURT: Thank you.

MNR JACOBS: Nou 'n belangrike deel waarby ons nou kom is bladsy 799 en hier het verdedigingsgetuies Tom Thebe en L H Moketsi erkennings gemaak onder kruisondervraging dat politisering en opsweping op die massavergaderings in Huhudi wel plaasgevind het. Ons noem hulle daar, tabuleer dit daar. Die volgende is aan die mense wysgemaak op die massavergaderings, dat die raadstelsel ingestel was deur die blankes en op die swart mense afgedwing is sonder om hulle te raadpleeg; dat die propaganda wat gebruik is, was omdat dit deur die Boere op hulle afgedwing was moes hulle dit nie aanvaar nie; nog ene is dat Thebe het bevestig dat dit dikwels op die vergaderings aan die massas oorgedra is dat die eintlike stryd van die massas is 'n stryd om die regering van die massas tot stand te bring. Hy het verder bevestig dat sprekers die mense aangemoedig het om swart plaaslike besture te verwerp want dit is 'n substituut van die Boere in plaas van die regering van die massas. Die mense oortuig was deur die sprekers dat swart plaaslike besture geen gesag het nie en slegs instrument is in die hande van die Boere om die swart man uit te buit en te onderdruk; dat raadslede was uitgekryt was "sell-outs" en "puppets" van die regering wat inwoners van Huhudi onderdruk deur huurverhogings; die massas was wysgemaak dat die raadslede hulle verder uitbuit deurdat die raadslede hulle huurgeld aanwend om huise in Pudimoe te bou; die massas is wysgemaak en oortuig dat

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die swart plaaslike besture en die regering saam die mense onderdruk deur hulle te verskuif; hierdie laaste een wil ek net weer herhaal, hoe kan dit gebeur dat voorgegee word dat hulle die mense wil verskuif en onderdruk as hulle die mense is wat geveg het juis teen daardie verskuiwings.

MR BIZOS: Are we now to go through - is your lordship and ourselves expected to go through what I think must be about 120 pages of evidence in order to check these portions of the record whether they are there or not, m'lord, what my learned friend has just read out. They are references to the record. They purport to be what witnesses have said, on page 799, he places we would submit..

COURT: I am sorry, when I looked at it quickly I thought there were only two pages to look at.

MR BIZOS: Well, there are a number of witnesses under the heading of these people have conceded.

COURT: No, but the references given at page 801 are only two pages and then a further two pages it seems.

MR BIZOS: No, I am talking about 799.

COURT: Yes, but does it not run right through to 801?

MR BIZOS: Yes, the double 801 but your lordship will see..

COURT: Yes, the reference given there I thought covered all the statements made from 799. If I am incorrect then I stand corrected.

MR BIZOS: The way I look at it, m'lord is that we have two witnesses, two witnesses referred to.

COURT: Yes, but only two pages of the first and two pages of the second, the one in volume 405 and the other in volume 408, so we have to read four pages.

MR BIZOS: Is that what those references mean on 801? I

hope / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hope so.

COURT: I was going to ask Mr Jacobs eventually but that is as I interpreted it. Het dit net te doen met 9 op 801 of het dit te doen met al die punte onder paragraaf 10, tot by 801?

MNR JACOBS: Van paragraaf 10, net paragraaf 10 se verwysings is hierdie plekke waar die spesifieke, wat ons hier geskryf het waar dit uitgetrek is uit die getuienis.

HOF: U maak sekere stellings van 10.1 tot 10.9. Daardie stellings sê u word almal gedek deur volume 405 en volume 408 op die twee bladsye in elke volume?

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

COURT: Yes, I think that is not too much to ask.

MR BIZOS: No, that is not too much if that was it, but I was wondering where we were going to find each one of these whilst they were being read before looking at 801.

COURT: Yes, you must always be a bit in front, Mr Bizos.

MR BIZOS: I see. Well, we promise your lordship that we will give you the page and the line of each thing that we submit so that..

COURT: Thank you, Mr Bizos.

MNR JACOBS: Ek mag net sê dit kom daarop neer dat mnr Bizos-hulle werk al van Meimaand af, ons werk maar net in Augustus.

HOF: Ek sal vir julle albei 'n medalje gee as ons klaar is. Die volgende punt?

MNR JACOBS: Dan die volgende aspek wat ons behandel, die laaste punt het ek nou nie - Thebe het getuig dat die sprekers die mense aangesê het om te verenig en om aktief deel te neem aan aksie teen die swart plaaslike besture, polisie en die regering. Nou ek wil net herhaal, u sien die meeste van (30

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die erkennings kom van Thebe af, dit is alles in daardie getuienis van hom en die ander man s'n wat ek genoem het, almal van hulle kom uit die dele wat ek aangehaal het. Nou die volgende aspek wat ons behandel in hierdie deel is die verwere wat ons sê wat nie gerealiseer het nie. Die eerste ene gaan oor die kwessie van die kind wat sou raakgery gewees het. Nou die eerste punt onder 11 staan daar - ek kan die hof miskien net 11.(4) verwys, die aanhaling daar:

> "Did he drive into a large group of young people coming out of a hall on 16 June? -- No."

Dit is die een weergawe wat gestel is aan die eerste getuie dat dit is wat sou gebeur het, dat hy is raakgery toe hy by die saal uitgekom het. Aan Matlhoko is daar twee verskillende weergawes gestel onder kruisondervraging. Edele, dit is nou bevestig daardie is IC.7, dit is heeltemal korrek. Die eerste weergawe wat gestel word haal ons ook die aanhalings daarso aan, ek sal nie deur hulle lees nie maar dit kom daarop neer dat Matlhoko was self beskuldig dat hy hierdie kinders sou raakgery het. Dit is onderaan bladsy 801 en dan die tweede weergawe behandel ons op bladsy 802. Daar gaan dit oor 'n "relative" van hom dit is òf sy seun òf sy broer wat dan hierdie mense sou raakgery het en onder daardie het ons die verskillende stellings getabuleer wat mnr Bizos gestel het en dan wil ek die hof veral verwys na die sesde ene bo-aan bladsy 803, waar dit daar voorgegee word dat dit 'n derde persoon is wat bestuur het en dan kom dit hierso waar hy dit dan stel: "Well, I am putting to him that he does know.." wie die derde persoon is, "..that he was in the vehicle and that he knows everything about it and he is falsely denying it." Nou dit is 'n eienaardige manier om 'n getuie te

konfronteer/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

konfronteer met twee weergawes. Hier word hierdie getuie beskuldig van 'n baie ernstige misdryf, dat hy mense - dit is op 'n stadium gestel doelbewus en as u later kom by die getuie wat geroep is wat sê hy het nie net doelbewus in hulle gery nie, hy het hulle gevolg van die pad af en op die sypaadjie gaan ry, of op die skouer van die pad hulle gaan aanry wat 'n ernstige misdryf daarstel en nou word 'n man gekonfronteer met twee stellings. Hoe toets 'n mens nou sy geloofwaardigheid as hy nou van twee dinge hier beskuldig word. Ons respekvolle submissie is dat hierdie hele gebeure wat gestel is dat daar mense sou raakgery gewees het het nie plaasgevind nie; dat dit 'n doelbewuste poging is om 'n oorsaak te vind vir die moeilikheid wat daar plaasgevind het en dit gaan ook nie eens op nie want dit kan nie - hoewel mnr Bizos dit eintlik gestel het aan die getuies hierso en hy het baie duidelik vir hulle gesê: ek sal vir julle sê wat was die oorsaak van die moeilikheid en die dinge, en toe is hierdie gestel as dit sou die oorsaak gewees het. Ek haal dit hier aan ook. Nou wat is die feite? Voor die 16de was daar al moeilikheid, daar was handgranaataanvalle gewees. Daar was klipgooiery, daar was 'n poging om op 14 Oktober 1984 'n man se huis te gaan brand, die voor- en agterdeur terwyl hulle geslaap het met hulle familie. So hoe kan dit nou gesê word dat hierdie insident wat 'n jaar later in 1985 plaasgevind het nou die oorsaak kan wees van dinge wat terug plaasgevind het. Dit kan net nie opgaan daardie verweer nie, in elk geval as daar so 'n insident plaasgevind het kan dit ook nooit die oorsaak van die moeilikhede gewees het nie want die moeilikhede het lank voor die tyd begin. Die moeilikhede was georganiseer gewees. Ons sê dan ook

dat / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat die moeilikhede en ons respekvolle beto
moeilikhede in Huhudi het begin en was die
suksesvolle opsweping van die massas in Huhudi
HUCA en HUYO; deur die aanwending van knelpunte
dat die omstandighede in Huhudi juis 'n treffende voor
is van hoe die werklik bestaande probleme in die gemeens
gebruik was om die inwoners se gevoelens, op hul gevoelens
te speel en hulle op te sweep om aksie teen die owerhede
te neem, die raadslede. Die getuienis het gewys dat die
verskuiwing van die mense na Pudimoe 'n werklike probleem
was daar vir die mense. Getuienis het ook gewys dat die
K1461 gemeenskapsraad van Huhudi dit bestry het en voortdurend
onderhandeling met die owerheid gevoer het totdat dit finaal
afgestel was, tog het HUCA, HUYO en UDF en hul ander trawante
hierdie selfde knelpunte gebruik om deur onderhandelinge -
om nie deur onderhandelinge die verskuiwings ongedaan te
maak nie maar het dit gebruik om die massas op te sweep
teen die raadslede en die regering, sodat hulle kan deelneem
aan verenigde aksie teen die raadslede en die owerhede.
Nou ek het netnou in paragraaf 7 - bladsy 805 tot 811
wil ek saamvat, het ons eerstens gewys op die kritiek wat
ons gehad het teen London, sekere dinge wat hy kan onthou
maar dan lateraan vergeet hy dit. Dan wys ons ook sekere
weersprekings uitwys oor hierdie gebeure van die 16de en dit
is die getuienis deur die verdediging self aangebied. Nou
in ons betoogshoofde het ons van bladsy 805 tot 811 uit-
treksels gemaak uit daardie getuienis en mnr Bizos kan
verseker wees hoewel ek sê op 806 begin ek by 1 en ek gaan
tot by 7 en daardie bladsye 23 286 tot 23 287 verteenwoordig
daardie stuk waar die dele uitkom, by elkeen van hulle.

ons / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ons submissie is dat hierdie insident, hierdie getuienis wat hierso aangebied is mekaar net so weerspreek. As ek een voorbeeld kan noem, edele, op bladsy 807 word daar gesê in punt 2 dat die enigste mense, hy praat van die groep wat daar by die kind was wat beseer is; die enigste ander mense in die straat was mense wat na hulle huise geloop het in twees en dries. ŉ Groepie jeugdiges het op die "outskirts" gestaan. Toe hierdie groepie jeugdiges later met hom opgeneem is toe het hy hulle nie voorheen gesien nie - dit word hier uitgewys. Toe het hulle skielik tevoorskyn gekom agter ŉ elektriese sub-stasie. Ek wys verskillende weersprekings tussen die getuies hier uit en ek vra vir die hof om te aanvaar, ek gaan hulle nie almal weer oorlees nie; hulle is hier aangehaal, hulle spreek vir hulle self, en ek vra vir die hof om te aanvaar dat hierdie getuienis nie die waarheid was nie. Hierdie insident nie, en dat die getuienis van die persoon wat hierdie mense sou raakgery het korrek was in die opsig dat hy gesê het dat op daardie dag toe hy by sy huis gekom het, het hy gevind dat hulle besig was om sy huis aan te val en dat London die mense gekeer het. Op daardie selfde dag is sy winkel aangeval, op daardie selfde dag is sy voertuig by die winkel aangeval, die slaghuis is aangeval; so ek vra u om daardie getuienis te aanvaar en dat die ander getuienis ŉ fabrisering was om ŉ rede te verskaf wat ook nie ŉ rede kan wees nie. So ons respekvolle submissie in hierdie verband is dat die staat het bewys die staat se getuienis is geloofwaardig in hierdie opsig dat daar ŉ organisasie en mobilisasie van die mense was van Huhudi om deel te neem aan die vryheidstryd. Dit word bevestig deur getuies van die verdediging, dit word



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bevestig deur dokumente uit te gee, UDF en sy trawante, dat die opsweping daar het gegaan vir deelname aan die vryheidstryd en vir die vernietiging van die swart plaaslike besture en ook vir 'n finale ontsetting, finale bevryding van die land. Daardie een is ek klaar mee, dankie, edele.

Die volgende ene is LEANDRA. Ons wys in die geval van Leandra in paragraaf 1 op bladsy 1 uit in die eerste instansie dat die raad het probleme gehad ook in Leandra met behuising. Dat hierdie probleem vererger is deurdat mense, werkers van SASOL en SECUNDA dat hulle hul intrek geneem het daar in Leandra. Dié dinge is nie eintlik betwis nie, ek dink dit was gemene saak.

HOF: Waar is daardie verwysing na daardie stelling? Die intrek van SASOL en SECUNDA-werkers daar?

MNR JACOBS: Daar is op 'n stadium - ek sal dit dan net vir hof presies kry..

HOF: Sal u daardie bewysplek vir my kry, asseblief.

MNR JACOBS: Kan ek net 'n nota maak gou, edele, dit is bladsy 816, sub-paragraaf 2. Dit is ook so dat die getuienis het getoon dat die raad het stappe geneem om die probleem te probeer oplos. Daar is 'n nuwe woongebied aangelê, daar is begin met die bou van hierdie wonings. Nou ons submissie is dat die Leandra Action Committee het begin die mense organiseer en opsweep teen die raadslede. Primêr het hulle die kwessie van die mense wat verskuif word aangevoer, dat die huise nie voldoende was nie, so daar was georganiseer teen hierdie raad van Leandra. Nou ons wys op bladsy 816 daarop dat daar was 'n bona fide fout begaan met die opstel van die verkiesingskennisgewing deur die indruk daarin te wek dat die raadslede net vir 'n termyn van een jaar verkies was.

Terwyl / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Terwyl dit 'n bona fide fout was, was die situasie tot 'n groot mate uitgebuit en aangewend deur die LAC om die mense se argwaan op te jaag teen die raadslede. Nou ek dink daar is 'n tikfout hierso in die volgende paragraaf - ek dink daardie moet 1984 wees, 28 Oktober 1984. Ek wil my nie verbind nie, ek sal net lateraan terugkom na hierdie punt, ek wil net seker maak. Ek sal na die volgende twee paragrawe aan die einde net na toe terugkom, 10 en 11. Die LAC het voor November 1984 dikwels met die Black Sash oor en weer skakeling gehad. Die getuienis was daarso. Hoewel ons nie kon bewys dat die LAC geaffiliëer het met UDF nie is ons respekvolle betoog dat daar wel 'n noue skakeling en 'n noue samewerking was tussen hierdie organisasie en die UDF. Nou BEWYSSTUK C.99 gevind in die UDF-kantore onder die opskrif: "Report on Civic Workshop" word daar bevestiging verleen dat Leandra Action Committee die "workshop" gaan bywoon het; "workshop" wat ons met alle respek sê is 'n UDF "workshop". Nou daar is verslag gedoen deur die LAC. Hulle het gesê hulle is gevorm in 1983 "as a result of resistance to the government's intention to evict residents from the township". Nou al die kursusgangers volgens hierdie dokument is geaffiliëerdes van UDF en kan in die konteks dan met respek gesê word dat hulle almal UDF afhanklikheid toon en dan reeds in 1983 is daar 'n band van samewerking tussen UDF en LAC. So vind ons in die "secretarial report" van UDF van 14 Januarie 1986 onder die opskrif "Rural Areas" dat daar geskryf word: "Members of the Executive Committee attended and addressed a public meeting in Leandra on 31 DEcember 1983. Subsequently a working relationship has been established with the Leandra Action Committee". Ek

verwys / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verwys hier na BEWYSSTUK O.2, p 2. Hierdie stuk het blykbaar 'n hele paar tikfoute in. Daardie 1986 is sekerlik verkeerd want die vergadering het reeds in 1984 plaasgevind. Die 1986 mag 'n 1984 wees. En dan BEWYSSTUK T.3 op bladsy 1, paragraaf 4.2 waar hulle ook praat in die UDF van "powerful LAC".

ASSESSOR: 14 Januarie 1984.

MNR JACOBS: Ekskuus, edele?

ASSESSOR: O.2 is 14 Januarie 1984.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Op 1 Junie 198..ai, ek is seker hierdie is ook 'n fout - ek sal ook na hierdie ene toe terugkom. Dit is dieselfde een, dit is 1984. Dit is die moeilikheid wat ons gehad het dat ons nie die goed kon proeflees na die tyd nie. Op 1 Januarie - ek sal dit dan vat 1984, ek sal net verwys na die dokument, dit is BEWYSSTUK G.2 en G.2 was die vergaderings van UDF se algemene raad in 1984, paragraaf E word daar verwys deur UDF dat "although the front had limited presence in these areas, we have not done enough. We must begin to intervene in a more systematic way". Nou ons wys ook hierso uit dat UDF se Million Signature kampanje is te Leandra geloods en dit kry ons uit BEWYSSTUK AAC.47 op bladsy 2, eerste kolom. Dit is "Get going in Transvaal".

HOF: Ja, u hoef dit nou nie vir my te lees nie, dit staan mos hier, AAC.47, bladsy 2, eerste kolom.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. In paragraaf 6 wys ons daarop dat AM.15, p 27, word daar bewys gelewer, dit is die "Occurrence Book" sal u onthou wat hulle gehou het in UDF waar dit gelei is word daar bewys gelewer dat daar skakeling is tussen UDF en Abal Nkabindi die groot leier daar in

Leandra /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Leandra en LAC. Nou ons submissie is ook op bladsy 819 dat COSAS was ook bedrywig in LEANDRA soos blyk uit die SASPU National volume 6, nr.1 van Maart 1985 en onder die opskrif "SRC Battle Continues", die laaste paragraaf - dit is op bladsy 12 van hierdie betrokke bewysstuk, word daar ook daarop gewys dat COSAS ook in Leandra die UDF eise opgeneem het en dat die stryd ook daar gevoer word. Nou op bladsy 820 en eintlik beginnende op bladsy 819 tot 820 ek wil net sien oor hoeveel bladsye dit loop, behandel ons die getuienis van die staat se getuie, wat daar getuienis gegee het - ons het eintlik twee getuies gelei daar, IC.19 en IC.20 . Ek gaan net sekere dele van hulle getuienis die hof se aandag op vestig. Dit word volledigheidshalwe gedoen hier. Op 821 daar is net 'n korreksie wat ek maak, paragraaf 4.2.5, in die skoolsaal op 28 Oktober - dit is 1984. Ek kan nie verstaan hoekom al hierdie 1986s is nie. Volgens sy getuienis het daar na hierdie vergadering in 1984 geweld gekom deurdat die mense, 'n groep mense na die vergadering - 'n vergadering wat deur die raad belê is aanvanklik en toe opgebreek was, is sy huis aan die brand gesteek en dit kry ns op bladsy 822 op 4.2.6. Die jong mense het singende na sy woning toe gegaan, sy huis is totaal afgebrand, sy bakkie is uitgebrand en hy het vreeslike skade opgedoen.

ASSESSOR: Dit is die bewering dat dit om 10h00 in die oggend gebeur het?

MNR JACOBS: Dit was vroeg in die oggend as ek die getuienis reg onthou, dit was net na die vergadering misluk het. Dit lyk vir my 11h00 was dit gewees. Hulle het van die vergadering gegaan na die ander raadslede en daar..

HOF: Die vergadering het tog nie om 10h00 opgehou nie?

10h00 / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

10h00 die oggend nie? Dit was 'n middag laat vergadering of 'n aand-vergadering, is dit nie?

MNR JACOBS: Ek sal net seker maak of dit korrek is. Ek is jammer dat hierdie foute hier ingekom het.

HOF: Ja, u kan voortgaan mnr Jacobs en later daarna terugkom. Ons het hierdie stuk gelees.

MNR JACOBS: Nou op bladsy 825 word die enigste verdedigingsgetuie se getuienis behandel en daar word 'n hele aantal punte van kritiek uitgespreek.

HOF: Ja, gaan voort.

MNR JACOBS: Daar word 'n hele aantal punte van kritiek en weersprekings uitgewys daarin en ons vra die hof om te aanvaar dat die staat in hierdie geval wel bewys het dat hierdie getuie waar dit weersprekend is met die staat se getuienis, die staat se getuienis aanvaar word en dat die staat bewys het dat hierdie organisasie nou skakeling gehad het met die UDF, saamgewerk het met UDF en onder die leiding van UDF en kontak met UDF wat alreeds in 1983 plaasgevind het, dat hulle georganiseer het as 'n deel van die vryheidstryd dat hierso teen die raadslede en daardie mense opgetree is.

HOF: Is nou by 827?

MNR JACOBS: 828, edele.

HOF: Dan sal ons môre daarmee voortgaan.

DIE HOF VERDAAG TOT 4 AUGUSTUS 1988

------------

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.